Respek. Eenheid. Trots

# HOËRSKOOL BONNIEVALE NUUSBRIEF

*Doen altyd 'n klein bietjie meer as wat van jou verwag word*

27 Februarie 2026

**OMSENDBRIEF 7/2026**

**Geagte ouers, leerders en Bonnievalers**

1. **Laerskoolatletiek**: Hoërskool Bonnievale mag maar spog**. Luan du Toit** (Gr. 7) het die afgelope naweek deelgeneem aan die Boland Kampioenskappe en het met drie medaljes daar weggestap. Hy was eerste in verspring en het boonop die **Bolandrekord** verbeter! Hy was ook derde in 100m en 200m. **Ons is baie trots op jou, Luan!** Sterkte met die voorbereidings vir die Wes-Kaap Kampioenskappe.

2. **Hoërskoolatletiek:** Van **26 tot 28 Februarie neem** 11 van ons atlete deel aan die Boland Kampioenskappe in die Paarl. Baie sterkte aan elkeen van julle. Dit is reeds 'n mooi prestasie om te kwalifiseer om by hierdie byeenkoms deel te neem. Gee jou beste!

3. **Swem:** LS Gericke Swemgala, van **24 Februarie**, uitslae:

   **Wian Fourie** 7 jaar, 1ste vryslag
   **PD de Wet** 10 jaar, 2de vryslag
   **Katryn Pieterse** 11 jaar, 1ste borsslag
   **Katryn Pieterse** 11 jaar, 2de vryslag

   Ons is baie trots op julle, asook op **Else-Mari Fourie, Alné Matthee** en **Carli de Wet** wat deelgeneem het.

4. **Swimathon:** Ondersteun asseblief ons Swimathon wat op **23 Maart** plaasvind! Daar is heerlike pryse en gelukkige trekkings te wen. Pryse vir swemmers sluit in kontantpryse, Outdoor geskenkbewyse en data vouchers. Die persone wat swemmers borg kan 'n Bonnievale slaghuis geskenkbewys, 'n vark of 'n Springbok wen (wenner is self verantwoordelik vir die slag en verwerkingskoste van dier). **Borg 'n swemmer en staan 'n kans om te wen!**

5. **Tweekamp:** 'n Groep van vyf HSB Tweekampers het op Saterdag **21 Februarie** aan die Boland Kampioenskappe deelgeneem. **Wian Fourie, Juandré Rheeders, Liana Rheeders, Katryn Pieterse en Alné Matthee.** Baie geluk aan **Wian Fourie** wat 'n derde plek behaal het. Hy is ook opgeneem in die Bolandspan wat aan die **SA Kampioenskappe** gaan deelneem.

6. **SBL tussenverkiesing:** Daar bestaan tans 'n vakante posisie vir die voorsitter van die OOK-portefeulje op die SBL. Dit is iemand wat as skakel optree tussen die ouers en die skool vir alle funksies en geleenthede, asook in beheer is van reël van snoepies by sportgeleenthede. Die amptelike verkiesing vind plaas op **2 Maart**. Inligting sal nader aan die tyd deurgegee word. Die kiesersrol sal by die kantoor beskikbaar wees vir besigtiging. Nominasies kan skriftelik by die kantoor gedoen word.

7. **Laerskool rugby en netbal:** Rugby- en netbal ligabepalings is steeds nog nie ontvang nie. Sodra daar datums gegee word sal ons datums so gou as moontlik vasmaak en aan die ouers kommunikeer. Datums word deur Noord-Boland bepaal.

8. **Olimpiade:** Die volgende leerders neem volgende week Dinsdag **3 Maart** aan die Engelse Olimpiade deel.

   Inathi Mabuthile – Gr.10
   Alia Alas – Gr.11
   Ithandile Msweswe – Gr.11
   Melzané September – Gr.11
   Ricalin Adams – Gr.11
   Jordan Smith – Gr.12
   Presley Pedro – Gr.12

   Ons hoop dit gaan goed met die voorbereiding en wens julle baie sterkte toe.

9. **Uitstaande handboeke van 2025:** Ouers, ons wil u vriendelik daaraan herinner dat daar tans nog ’n aantal 2025-handboeke uitstaande is. Rekeninge vir uitstaande handboeke is tussen 06 Februarie 2026 en 09 Februarie 2026 uitgereik. **Ons versoek dat alle uitstaande handboeke asseblief so spoedig moontlik terugbesorg word,** of dat die waarde van verlore boeke by die Finansiële Kantoor vereffen word. Indien handboeke nie teruggebring word of die rekening nie voor die einde van die kwartaal betaal word nie, sal ouers/voogde versoek word om ’n afspraak te maak met Me. S. Jordaan (LOOM-Bestuur) en Mnr. P. Brink (Skoolhoof) om die leerder se rapport persoonlik af te haal. Ons waardeer u samewerking en ondersteuning in hierdie verband. Enige navrae kan gerus aan Me. S. Jordaan gerig word.

10. **BAIE DANKIE!** Ons wil graag baie dankie sê aan borge wat tydens ons atletiekbyeenkomste vrugte geskenk het wat deel was van ons beampte-verversings. Ons waardeer u mooi gebaar!
    **Annatjie Visser (Gelukshoop boerdery), Sybrand en Salomé Vermeulen (Smutse), Jan en Carla Britz (Rosedale Agri), Danie en Dirk du Toit (Concordia boerdery), Tiaan en Wendy van Tonder (Ontevreden Keisie vallei, Montagu), Dawid en Taryn Rossouw (Koo Vallei, Montagu), Pieter-Jan (F1 Pakstoor, Robertson).**
    Ek wil ook baie dankie sê aan ouers wat so mooi ons hand vat om te verseker dat ons snoepies doeltreffend funksioneer. Ons sien u opoffering en bereidwilligheid om te help raak en waardeer u!

11. **Netheid:** Ek vra dat ons ouers asb. sal saamwerk om toe te sien dat u kind/ers altyd netjies vertoon. Ons is trots op ons netjiese leerders, en hulle behoort trots te wees op hul skooldrag en netjiese voorkoms. Sien asb. toe dat leerders nie uitspattige haarstyle of bykomstighede dra nie en altyd binne die reëls bly.

12. **Aktiwiteite:** Die volgende datums is belangrik:

| | |
|---|---|
| Vr. 27 Feb. | HS Boland Atletiekbyeenkoms |
| Sa. 28 Feb. | HS Boland Atletiekbyeenkoms |
| Wo. 4 Mrt | Juf. Suzaan Jordaan verjaar |
| Sa. 7 Mrt. | Mini-krieket te Koue-Bokkeveld |
| Di. 10 Mrt | 2027 Inskrywings vir gr.1 open |
| Vr. 13 Mrt | HSB Swemgala |
| Sa. 14 Mrt | HSB Mini-gholfdag |
| Ma. 16 Mrt | Juf. Belinda Oosthuizen verjaar |
| Wo. 18 Mrt | LS Redenaars by Klubhuis |
| Do. 19 Mrt | HS Redenaars by Klubhuis |
| Vr. 20 Mrt | Tweekamp te Oudtshoorn (SA Kampioenskappe) |
| Sa. 21 Mrt | Tweekamp te Oudtshoorn (SA Kampioenskappe) |
| Ma. 23 Mrt | HSB Swimathon |
| Do. 26 Mrt | Juf. Tanya van Heerden verjaar |
| Vr. 27 Mrt | Skole sluit |

Vriendelike groete vanuit die kantoor.

P. Brink
Waarnemende Skoolhoof

**“As jy iets wil hê wat jy nog nooit gehad het nie, moet jy iets DOEN wat jy nog nooit gedoen het nie”**
**Drina Reed**










